KURATORE RAPPORT AAN DIE KERKE - JUNIE 2017

Die vergadering van Kuratore van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het op 19 en 20 Junie 2017 te Potchefstroom vergader. *(Die Kuratorium is 'n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die Kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou.)*

1. SENAATSRAPPORT:

1.1 Rektoraat:

Prof Gert Breed is Rektor van die Teologiese Skool. Prof Francois Viljoen tree op as Vise-Rektor Akademiese sake. Prof Henk Stoker is Vise-Rektor Studentesake.

1.2 Bywoning van Streeksinodes 2017:

Streeksinodes kan in 2017 die professore as adviseurs na die Streeksinode-vergaderings of Klassisvergaderings nooi volgens die onderstaande rooster:

- Bosveld: D.F. Muller
- KZN en OVS: P.C. van der Walt
- Noordwes: R.S. Hobyane
- Oostelik: F.P Kruger
- Pretoria: H. Goede
- Randvaal: S.P. van der Walt
- Suidelik: G. Breed

1.3 Administratiewe personeel:

Administratiewe steun word verleen deur:

- Mev Ami du Toit (Registrateur TSP)
- Mev Nardine Bothma (Bestuursassistent van prof Gert Breed: Direkteur van die Skool vir Christelike Bediening en Leierskap, en Rektor TSP)
- Mev Thea Harmse (Assistent van die Rektor en die Rektoraat)

Ami du Toit

Nardine Bothma

Thea Harmse

1.4 Studentesake:

Twee-en-vyftig kandidaatstudente studeer aan die Teologiese Skool met die oog daarop om DV as predikante in die GKSA te dien.

1.4.1 Nuwelingskamp:

Die kamp vir nuweling eerstejaars van die TSP het op 3-5 Maart 2017 plaasgevind.

1.4.2 Geloofsgroeikamp:

'n Kamp vir die finalejaarstudente word beplan vir DV 11-12 November 2017.

1.4.3 Kerkgeskiedenistoer:

Onder leiding van prof P.H. Fick het die toer op 13-16 Junie 2017 plaasgevind.

1.4.4 Praktiese werk van studente in gemeentes:

Predikante onder wie se toesig praktiese werk plaasvind het daaroor aan die Rektoraat rapporteer, wat die aanbevelings/opmerkings opvolg. Die studente het ook na afloop van die praktiese werk verslag daaroor by die Rektoraat ingehandig.

2. VERWIKKELINGE BY DIE NWU:

Prof P.H. Fick lig die vergadering in oor verwikkelinge by die NWU. Hy beklemtoon onder andere die volgende:

2.1 Dat die herstruktureringsproses van die NWU heel moontlik aan die einde van Junie 2017 finaal afgehandel sal wees. Genoemde proses het oorhoofs as fokus een universiteit met drie afleweringspunte, te wete Mafikeng, Potchefstroom en Vaaldriehoek.

2.2 Dit was 'n lang en moeisame proses alhoewel daar nou, met die afhandeling, nie meer onsekerheid by die personeel en studente bestaan nie, omdat almal weet watter koers ingeslaan word.

2.3 Die herstrukturering hou onder andere in:

- Uitvoerende Dekane vir die onderskeie Fakulteite.
- Geen Vise-Rektore nie.
- Prof Fika J van Rensburg is tot einde 2017 benoem as Adjunk-Visekanselier met toegewysde funksies, waaronder die bedryfsbestuur van die Potchefstroomkampus. Verder is hy (ook tot einde 2017) benoem as Adjunkhoof van die NWU, en is in hierdie hoedanigheid lid van die Raad van die NWU en van die Uitvoerende Komitee van dié Raad.
- Prof Rantoa Letšosa is benoem as waarnemende Dekaan vir die Fakulteit Teologie. Die Dekaanspos sal mettertyd geadverteer word met die oog op 'n permanente aanstelling.
- Prof Rikus Fick is aangestel as Direkteur Studentelewe.

2.4 Dank word teenoor Kerkrade en lidmate van gemeentes uitgespreek vir hulle voorbidding, veral ten tye van die herstruktureringsproses.

2.5 Met dank word kennis geneem van die uitsonderlike dienswerk van prof Francois Viljoen (waarnemende Dekaan van die Fakulteit Teologie), prof Rantoa Letšosa (Vise-Rektor NWU, Potchefstroom Kampus) asook prof Fika J. van Rensburg (waarnemende Rektor NWU, Potchefstroom Kampus).

3. ONDERSTEUNINGSDIENS VIR BEDIENINGSTOERUSTING EN BEGELEIDING:

Die Kerkgroei-deputate het gevorder met die stigting van die ondersteuningsdiens. Na onderhandelinge met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord is dr. Malan van Rhyn vir een jaar aangestel om die grondwerk vir die Ondersteuningsdiens wat voortaan as ***Expando*** bekend sal staan, te vestig.

Verskeie ander onderhandelinge wat die ondersteuningsdiens betref is aan die gang waaroor so gou doenlik aan die kerke gerapporteer sal word.

4. DOCENDA:

'n Nuwe ooreenkoms is in Mei 2017 deur *Docenda* en die NWU onderteken. *Docenda* het 'n begeleidende brief met die ooreenkoms aan die NWU gestuur waarin die goeie trou en gees van konstruktiewe samewerking van beide partye bevestig word.

Die studentegetalle is tans soos volg:

- Teologie: 47 Studente. (38 is vir die BTh-graad ingeskryf, waarvan 14 kandidaatstudente is) en 9 vir die BA Honneurskursus.
- Opvoedkunde: 6 Studente

5. DIE KURATORIUM SE BEDE:

Die gebed van die Kuratorium is dat die Kerke (Artikel 19 Kerkorde), met die nodige sorg sal toesien dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word.

DR. P.H. (PIETER) HEYSTEK

(In opdrag van die Kuratore)